

## GR 8 Oorsig: Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Kwartaal	Tekste in konteks waarbinne leer en onderrig plaasvind			
Onthou: Die leerder moet voorberei word vir die formele taak daarom word die formele taak voorafgegaan deur 'n informele taak				
Kwartaal  1	Multimedia Week 1-4  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Luister      Ass 2 Lu 2 Praat      Ass 2 & 4 Lu 3 Lees en Kyk Ass 3,5,6 Lu 4 Skryf      Ass 2,3,5 Lu 5 Dink en Redeneer Ass 2 & 3 Lu 6 Taalstrukture Ass 4 & 6	Eerste genre bv. Kortverhale/novelle Week 5-9  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 1,2,4 Lu 2 Ass 1,3,5 Lu 3 Ass 1,6,7,8 Lu 4 Ass 4,6,7 Lu 5 Ass 2 Lu 6 Ass 1,3,7,9	2 de genre bv. Gedigte Week 10 – 11  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 2 & 4 Lu 2 Ass 3 & 5 Lu 3 Ass 2,6,9 Lu 4 Ass 4 & 6 Lu 5 Ass 2 Lu 6 Ass 7 & 8	notas
Kwartaal  2	Tekste van ander leerareas Investigation/demonstrasie Week 1-4  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 3 Lu 2 Ass 2 & 4 Lu 3 Ass 1,4,7,8,9	Drama/rolspel/filmstudie Week 5-8  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 2 & 4 Lu 2 Ass 2,3,4 Lu 3 Ass 1,6,9 Lu 4 Ass 4,6,7	Multi-media Week 9-11  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 2 Lu 2 Ass 2 & 4 Lu 3 Ass 3,5,6 Lu 4 Ass 2,3,5	notas

	Lu 4 Ass 1 & 6 Lu 5 Ass 1 & 3 Lu 6 Ass 1,7,8,9	Lu 5 Ass 2 Lu 6 Ass 2,4,5,6	Lu 5 Ass 2 & 3 Lu 6 Ass 4 & 6	
<b>Kwartaal</b>  <b>3</b>	Tekste van ander leerareas Week 1-4  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 3 Lu 2 Ass 2 & 4 Lu 3 Ass 1,4,7,8,9 Lu 4 Ass 1 & 6 Lu 5 Ass 1 & 3 Lu 6 Ass 1,7,8,9	Multi-media Week 5-6  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 2 Lu 2 Ass 2 & 4 Lu 3 Ass 3,5,6 Lu 4 Ass 2,3,5 Lu 5 Ass 2 & 3 Lu 6 Ass 4 & 6	Drama/rolspel/filmstudie Week 7-10  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 2 & 4 Lu 2 Ass 2,3,4 Lu 3 Ass 1,6,9 Lu 4 Ass 4,6,7 Lu 5 Ass 2 Lu 6 Ass 2,4,5,6	notas
<b>Kwartaal</b>  <b>4</b>	Rolspel/drama Week 1-4  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 2 & 4 Lu 2 Ass 2,3,4 Lu 3 Ass 1,6,9 Lu 4 Ass 4,6,7 Lu 5 Ass 2 Lu 6 Ass 2,4,5,6	Gedigte Week 5-6  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 2 & 4 Lu 2 Ass 3 & 5 Lu 3 Ass 2,6,9 Lu 4 Ass 4 & 6 Lu 5 Ass 2 Lu 6 Ass 7 & 8	Kortverhale/novelle Week 7 – 10  <u>Lu + Ass</u>  Lu 1 Ass 1,2,4 Lu 2 Ass 1,3,5 Lu 3 Ass 1,6,7,8 Lu 4 Ass 4,6,7 Lu 5 Ass 2 Lu 6 Ass 1,3,7,9	notas

# LESPLAN

(tekste van ander leerareas)

## Afrikaans Eerste Addisionele Taal

**Konteks:** (tekste van ander leerareas)

Sosiale Wetenskappe (Aardrykskunde en Geskiedenis), Natuurwetenskap, Lewensoriëntering, Kuns en Kultuur, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe,

Tema: Ons gaan op 'n reis na die buiteland (*Onthou September in toerismemaand in Suid-Afrika*)

Tyd: Week 4 - 5		Graad: 8	
LU EN ASS	ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT	ASSESSERING	STRUIKELBLOKKE VIR LEER
<p>Lees die tabelle, vlugskedules, brosjures, straat- en landkaarte, reisboeke: inligting oor ander lande voor aan die leerders.</p> <p>Lu: 1 Luister As 1,2,4</p> <p>As 1 Verstaan en waardeer stories, asook dié wat deur medeleerders vertel word.</p> <ul style="list-style-type: none"><li>reageer persoonlik en krities, stel en beantwoord vrae;</li><li>evalueer die manier waarop die storie vertel is en gee terugvoering.</li></ul> <p>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos</p>	<p><u>Nota aan onderwyser:</u></p> <p>Onthou by Eerste Addisionele Taal val die klem op <b>luister</b> en <b>praat</b> aktiwiteite.</p> <p><u>Formele take:</u></p> <p>Onthou 'n luisteroefening (10 punte) en onvoorbereide lees en gesprek (10) asook die werk met woorde of naslaanwerk (10) is formele take vir hierdie kwartaal</p> <p>Moenie jou toets vergeet nie (taak 6)</p> <p>Die toets sluit die volgende in: 'n begripstoets (20), taal (20) en 'n opsomming (50 – 60 woorde) (10 punte) en die skryf van</p>		<p><u>In alle gevalle</u></p> <p>Leerders het 'n <b>afskrif</b> (fotostaat) van die betrokke noodhulpprocedure wat die onderwyser voorlees</p> <p>Leerder het 'n <b>sterk akademiese maat</b> wat hom te alle tye bystaan</p> <p>Fokus meer op die <b>positiewe</b></p> <p>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en</p>

<p>geselsprogramme, tekste met statistiek):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• beantwoord vrae;</li> <li>• vertel oor en som op;</li> <li>• identifiseer standpunt/perspektief en is in staat om 'n alternatiewe standpunt te gee;</li> <li>• ontleed die kenmerke van verskillende soorte mondelinge tekste (soos 'n gesprek, 'n verhaal).</li> </ul> <p>As 4 Luister aandagtig tydens 'n bespreking:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• is ontvanklik vir idees en is krities teenoor ander se standpunte, maar toon respek;</li> <li>• vra vir bydraes van ander en reageer op standpunte;</li> <li>• is bereid om ander se standpunte te bevraagteken, maar doen dit op 'n hoflike wyse en onderbreek nie;</li> <li>• kritiseer idees en nie die persoon nie.</li> </ul> <p>Lu 2 Praat As 1,3,5</p> <p>As 1 Vertaal en tolk:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• vertel stories uit die huistaal oor in die addisionele taal;</li> <li>• vertaal of tolk boodskappe;</li> <li>• vertaal of tolk tydens 'n gesprek, indien nodig.</li> </ul>	<p>'n dialoog (20 punte).</p> <p><u>Aktiwiteit 1 (formeel taak: naslaanwerk) 10 punte</u></p> <p>Die klas kan na die biblioteek geneem word om naslaanwerk oor die spesifieke land wat hulle gekies het, te doen. Iemand wat reeds hierdie land besoek het of daar gewoon het, kan eers genooi word om met die klas te kom gesels. Skryf 'n sinnetjie in daardie taal neer.</p> <p>Kies 'n land wat jy as leerder (of in pare van 2) interessant vind en graag eendag wil besoek. Gaan vind uit oor daardie land se gewoontes, tradisies, kultuur, modes, kos, leefwyse, ens.</p> <p>Kom vertel die klas daarvan. Maak gerus gebruik van prente, foto's en ander materiaal (die landsvlag of kasset van volkslied) om jou praatjie aan te vul.</p> <p>Laat leerders toe om spontaan van hul oorsese reise te praat en laat hulle self vertel en verduidelik wat is 'n visuum, paspoort en 'n uitruilkoers/wisselkoers.</p> <p><u>Aktiwiteit 2 (Rolspel)</u></p> <p>Doen nou die bespreking vir jou vlug na Europa of in Afrika bv. Namibië. Onthou dis 'n gesprek tussen 2 persone. Hierdie gesprek word mondeling in die klas gedoen. <b>(formeel taak)</b></p> <p><i>(Huiswerk: Daar word natuurlik van die leerders verwag om 'n reisagentskap in hul stad/dorp te besoek en die persone wat die telefone te beantwoord af te luister, dop te hou of selfs 'n episode van <b>The Amazing Race</b> aan die leerders)</i></p> <p><u>Aktiwiteit 3</u></p> <p>Stel 'n lysie op van die bagasie wat jy gaan saamneem. Jou bagasie mag nie meer as 20 kg weeg nie.</p>	<p>Self/leerder</p> <p>Spontaan gesels en deel van inligting</p> <p>Maats bv. In pare</p> <p>Maats bv. In pare</p> <p>Rolspel</p> <p>Formeel taak: rubriek</p> <p>Self</p> <p>Maak 'n lys</p>	<p><b>geduldig</b></p> <p>Gee <b>individuele bystand</b></p> <p>As onderwyser behou nog steeds <b>hoë verwagtinge</b> en 'n postiewe houding. Vermoed stereotipering en pas op vir vooroordeel</p> <p>Gebruik 'n <b>glimpen</b> ("highlighter") om net die sleutelwoorde in te kleur.</p> <p>Wees gedurig in kontak met die ouers</p> <p><b><u>Swak gehoor</u></b></p> <p>Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk</p> <p>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes</p> <p>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.</p> <p>Verkort die aktiwiteit</p>
--	---	---	---

<p>As 3 Toon ontwikkeling in die vermoë om kenmerke van gesproke taal te gebruik om te kommunikeer: woord- en sinsaksent, intonasie, ritme.</p> <p>As 5 Word deur iemand ondervra (soos in 'n werksonderhoud):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>voorspel die vrae wat gevra gaan word en doen voorbereiding;</li> <li>beantwoord vrae;</li> <li>gebruik die gepaste toon, register en liggaamstaal.</li> </ul> <p>Lu 3 Lees en Kyk As 1,6,7,8</p> <p>As 1 Lees 'n verhaal (fiksie of nie-fiksie):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Identifiseer die doel, teikengroep en konteks;</li> <li>verstaan betekenis van dinge wat nie direk genoem word nie deur afleidings te maak;</li> <li>identifiseer die register/styl (formeel of informeel);</li> <li>verduidelik en evalueer perspektief/houding in sowel die geskrewe as visuele dele van 'n teks en bied alternatiewe idees;</li> <li>verstaan die manier waarop 'n teks 'n leser posisioneer (soos deur die gebruik van die inklusiewe voornaamwoord "ons");</li> <li>onderskei tussen kern- en ondergeskikte gedagtes;</li> </ul>	<p><u>Aktiwiteit 4 (skryftaak)</u></p> <p>Ontwerp die <b>kerskaartjie</b> wat jy uit Europa aan jou ouers gaan stuur. Onthou dit is 'n "wit" Kersfees in Europa.</p> <p style="text-align: center;">Of</p> <p>Tydens jou oorsese besoek het jy die optrede van 'n bekende popgroep/sanger bygewoon. Ontwerp 'n <b>poskaart</b> wat jy aan jou beste vriend(in) gaan stuur waarin jy vertel van die konsert.</p> <p><u>Aktiwiteit 5 (taak vir ander leerarea)</u></p> <p>Jy moet gaan uitvind hoeveel geld jy moet saamneem as sakgeld. Vind uit wat die huidige uitruilkoers/wisselkoers is vir die <i>euro, pond, namibiese dollar</i> ens. is. Werk 'n begroting uit en doen jou beplanning deeglik, want jy gaan dit as 'n taak indien vir jou leerarea, <b>Ekonomiese en Bestuurswetenskappe</b>.</p> <p>Dui aan daaglikse uitgawes op kos, toegangsfooie vir speelparke, openbare vervoer, motorhuur en moenie onverwagte uitgawes vergeet nie. (<i>Het jy nog geld oor vir <b>souverniers?</b></i>)</p> <p><u>Aktiwiteit 6 (formeel taak: demonstrasie en luisteroefening)</u></p> <p>Jy en jou ouers is met vakansie. Onderweg na 'n winkelsentrum kom julle op 'n ongelukstoneel af. Julle is die eerste mense op die ongelukstoneel en julle moet iets doen om die man en vrou wat beseer is te help.</p> <p>Gelukkig het jy 'n maand gelede 'n noodhulpkursus bygewoon en daarom kan jy kunsmatige asemhaling en hartbybringing toepas. Demonstreer aan die klas hoe bogenoemde behandeling toegepas moet word.</p> <p>Verduidelik dit stap vir stap en baie stadig sodat jou maats notas/aantekeninge kan neem. Daarna kan julle die notas</p>	<p>Self rubriek</p> <p>Self/leerder</p> <p>Ander onderwyser</p> <p>Self/leerder</p> <p>demonstrasie</p> <p>selfevaluasie</p>	<p><u><b>Leeders met 'n spraakgebrek</b></u></p> <p>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer</p> <p><u><b>Swak siende:</b></u> Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter <i>font</i> gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die</p>
--	---	--	---

<ul style="list-style-type: none"> <li>toon begrip van karakter, intrige en ruimte/agtergrond in fiktiewe tekste.</li> <li>vergelyk verskillende tekssoorte en bring dit in verband met die doel van die teks (soos oorreding, instruksies).</li> </ul> <p>As 6 Gebruik leesstrategieë:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>vluglees tekste - identifiseer die onderwerp, kerngedagtes en bladuitlegtegnieke (soos illustrasies);</li> <li>pas gepaste leestegnieke op verskillende tekssoorte toe;</li> <li>ontwikkel en evalueer leesspoed;</li> <li>gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende woorde; kyk na illustrasies/diagramme; bespreek 'n woord in die huistaal).</li> </ul> <p>As 7 <b>Lees vir genot:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li><b>lees fiktiewe</b> en nie-fiktiewe tekste op die gepaste lees- en taalvlak;</li> <li>lees enkele nuwe tekssoorte (soos 'n roman);</li> <li>evaluateer 'n teks deur 'n boekverslag te skryf;</li> <li>lees 'n eenvoudige boekresensie;</li> <li>los woordraaisels op (soos blokkiesraaisels).</li> </ul> <p>As 8 Toon begrip van die gebruik van naslaanwerke:</p>	<p>vergelyk en kyk watter belangrike stap het julle vergeet .</p> <p><u>Aktiwiteit 7 (maak 'n lys – Lewensoriëntering)</u></p> <p>Dit is belangrik om toe te sien dat jou motor met 'n noodhulptassie toegerus is veral as julle die langpad gaan aandurf na Mosambiek of Namibië. Wat moet alles in so 'n tassie wees?</p> <p>Hou 'n dinkskrum en skryf die leerders se voorstelle op die bord neer en bespreek dit saam met die klas.</p> <p><u>Aktiwiteit 8 (voltooi 'n vorm)</u></p> <p>Vul in die ooggetuieverlag van die ongelukstoneel op die aangehegde vorm.</p> <p><u>Aktiwiteit 9</u></p> <p>Skryf 7 sinne neer waarin jy sê wat jy die graagste in die volgende vakansie sal wil doen. Lees julle sinne hardop vir die klas voor.</p> <p><u>Aktiwiteit 10 (Menslike en Sosiale Wetenskappe)</u></p> <p>Teken (in groepe van 2 of 4) 'n eenvoudige kaart van ons land of Afrika kontinent (of die land in die buiteland wat jy besoek het) en skryf Durban of Maputo of Rome se naam op die regte plek in. Soek nog 6 bekende plekke wat naby die hoofstad is en vind uit wat jy alles daar kan sien.</p> <p>Hou dan 'n <b>vasvrawedstryd</b> waar spanne teen mekaar meeding. ('n Voorbeeld van 'n vraag: By watter hawe is daar 'n groot berg wat bo-op plat is? Antwoord: Kaapstad)</p> <p><u>Aktiwiteit 11 (Menslike en Sosiale Wetenskappe)</u></p> <p>Verdeel in groepe van 4 elk. Kry 'n kaart van Suid-Afrika of van die land wat jy besoek het. Teken dit dan op papier of</p>	<p>Dinkskrum</p> <p>Hele klas</p> <p>Self</p> <p>rubriek</p> <p>Self/leerder</p> <p>Lees vir genot</p> <p>Projek</p> <p>In groepe of pare</p> <p>Vasvrawedstryd</p> <p>Ander onderwyser</p> <p>groepe van 4</p>	<p>leerder ook meer tyd.</p> <p>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer illustrasies sal ook help.</p> <p>Maak meer gebruik van audio visuele materiaal</p> <p>Kry hulp van spesiale skole bv. braille</p> <p>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvle (soos bv beskrywings en sketse)</p> <p><b><u>Skryfprobleme</u></b></p> <p>Hou jou sinne kort</p> <p>Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf</p> <p><b><u>Disleksie:</u></b> Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook</p>
---	--	---	---

<ul style="list-style-type: none"> <li>• evalueer en kies boeke deur die inhoudsopgawe en indeks te gebruik;</li> <li>• gebruik 'n woordeboek, 'n eenvoudige tesourus en ensiklopedieë.</li> </ul> <p>Lu 4 Skryf As 4,6,7</p> <p>As 4 Skryf skeppend:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• vertaal verhale (en ander tekste) uit die huistaal, probeer om die taalidoom daarin te vervat en let op hoe dit (en dikwels ook waardes) in twee tale kan verskil;</li> <li>• toon ontwikkeling in die skryf van stories, gedigte en toneelstukke.</li> </ul> <p>As 6 Benader skryf as 'n proses:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• skryf 'n konsepweergawe en lees en bespreek eie skryfwerk krities;</li> <li>• gebruik terugvoering om te hersien, te redigeer en te herskryf;</li> <li>• gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer;</li> <li>• evalueer ontwerp en bladuitleg.</li> </ul> <p>As 7 Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• toon begrip van styl en register (soos herskryf 'n verhaal as 'n koerantberig);</li> <li>• toon begrip van die inligtingstruktuur van</li> </ul>	<p>karton oor. Soek nou die plekke wat jy besoek het en vul dit op jou eie kaart in. Trek 'n stippellyn met 'n blou pen of met 'n potlood om te wys hoe jy gereis het.</p> <p>Beplan nou vir jouself 'n reis wat deur ander plekke in die land gaan. Vul die plekke op jou kaart in.</p> <p><u>Aktiwiteit 12 (Menslike en Sosiale Wetenskappe)</u></p> <p>Kyk na 'n toerkaart. Die skaal bo-aan die kaart help 'n mens om uit te werk hoe lank die roete is. Gebruik 'n liniaal en meet die skaal: 5 cm = 20 km</p> <p>Meet nou met die liniaal die hele roete vanaf jou beginpunt en terug. Hoeveel kilometer is die roete min of meer? Vergelyk jul afstand met die van ander groepe.</p> <p><u>Aktiwiteit 13 (Kuns en Kultuur)</u></p> <p>As jy na lande buite Suid-Afrika wil reis, het jy 'n paspoort nodig. Bring 'n klein foto'tjie van jouself klas toe en maak jou eie paspoort.</p> <p><u>Aktiwiteit 14 Menslike en Sosiale Wetenskappe)</u></p> <p>Ontwerp 'n toerkaart met simbole van jou skool.</p> <p>Werk saam met 'n maat. Teken 'n toerkaart van jul skoolterrein. Ontwerp simbole vir die skoolhek, die administrasie blok, die mediasentrum, snoepwinkel, swembad en sportveld. Maak 'n lysie van die simbole en verklarings. Plak die lysie op die kaart.</p> <p>Sal besoekers aan die skool by die regte plekke uitkom as hulle die kaart raadpleeg? Vra jul skoolhoof of die skool jul kaarte kan gebruik.</p>	<p>Aanbieding</p> <p>In groepe</p> <p>Ander onderwyser</p> <p>Kuns en kultuur onderwyser</p> <p>Self/leerder</p> <p>Maats bv. In pare</p> <p>Praktiese oefening</p> <p>Projek</p> <p>Onderwyser van 'n ander leerarea</p>	<p>nie geenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.</p> <p><u>In die klaskamer</u></p> <p>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie ) in die klaskamer is.</p> <p>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.</p> <p><u>Klaskameratmosfeer</u></p> <p>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word</p> <p><b>Hiperaktiewe kind:</b> Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies.</p>
--	---	---	---

<p>tekste;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>skryf samehangende, langer skryfstukke met 'n inleidende en slotparagraaf;</li> <li>valueer eie houding krities;</li> </ul> <p>begin verstaan hoe eie skryfwerk die leser posisioneer.</p> <p>Lu 5 Dink en Redeneer As 3</p> <p>As 3 <b>Versamel en teken inligting op verskillende maniere op:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li><b>kies relevante inligting en skryf aantekeninge</b> (organiseer kernidees onder hofies en subhofies; gebruik bladuitlegtegnieke soos hoofletters en onderstreping);</li> <li><b>lees en gee 'n samevatting van inligting uit verskeie tekste oor dieselfde onderwerp;</b></li> <li><b>dra inligting van een modus na 'n ander oor (soos gebruik statistiek om paragrawe te skryf; gebruik kopkaarte).</b></li> </ul> <p>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik As 1,2,3,4</p> <p>As 1 Spel bekende woorde korrek:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>woorde wat dikwels verkeerd gespel word (soos: dieselfde, speel, vriendin, idee);</li> <li>woorde met enkel- en dubbelvokale en -konsonante (soos: droom, drome; grap,</li> </ul>	<p><u>Aktiwiteit 15 (verskaf redes en verduidelik in jou eie woorde)</u></p> <p>Jy en jou maat moet 'n lys van die toptien toeristebestemmings in Suid- Afrika saamstel. Vergelyk jou lys met die van 'n ander paar. Wat is die ooreenkomste en wat het hulle nie op hulle lys wat julle wel het. Gee redes waarom julle lys dan so verskil.</p> <p>Bv. Hulle het nie die Krugerwildtuin op hul lys nie terwyl julle weer Robbeneiland op het en hulle nie. Wat is die moontlike redes? Formuleer julle verduidelikings in vol sinne.</p> <p><u>Aktiwiteit 16 Dink en Redeneer – Wat maak 'n plek 'n besondere toeriste bestemming?</u></p> <p>Leerders moet die faktore ondersoek wat 'n rol speel in toerisme in hul dorp. Die hele klas gaan saamwerk. Elke groep kry 'n spesifieke taak van navorsing. Groepe mag nie meer as 4 of 5 lede bevat nie.</p> <p>Gee die onderskeie groepe 1 week kans om al die inligting in te samel. Dan moet terugrapportering geskied.</p> <p>Gee almal in die groep kans om sy taak te verduidelik en hoe daar te werk gegaan is om die taak te voltooi.</p> <p><b>Groep 1</b></p> <p>Kyk watter kulturele en geskiedkundige attraksies jul dorp alles bied. Ondersoek die infrastruktuur soos vervoer. Kyk op die kaart van die Oos-Kaap watter trekpleisters of besoekpunte nog alles naby jul dorp of stad is en maak aantekeninge daaroor.</p> <p>Kom terug na die klas en benoem die onderskeie plekke en gee 'n kort beskrywing waar dit presies is en wat 'n mens alles daar kan doen. Jy moet as te ware die plek aan die klas "verkoop". Klink dus baie oortuigend en sorg dat lede van jou groep wel van die plekke wel besoek het. (<i>eerstehandse</i></p>	<p>Breinkaart</p> <p>In pare</p> <p>Praktiese oefening</p> <p>Kooperatiewe leer</p> <p>Mondelinge aanbieding</p>	
--	---	--	--



<p>grappe).</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• woorde wat los of vas geskryf word (soos: Ons ry vier uur lank daarheen; Om vieruur begin die wedstryd);</li> <li>• woorde met hoofletters en skryftekens (kappie, deelteken, koppelteken, afkappingsteken, hakies);</li> <li>• gebruik algemene afkortings (soos: gr., d.w.s., dr., SA, VSA);</li> <li>• pas kennis van lettergrepe toe deur woorde aan die einde van 'n reël korrek af te kap.</li> </ul> <p>As 2 Gebruik verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• alledaagse meervouds-, geslags- en verkleiningsvorme;</li> <li>• alledaagse voorsetsels in vaste en vrye verbindings;</li> <li>• algemeen gebruikte adjektiewe (verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme);</li> <li>• voornaamwoorde: persoonlik (soos: jy, u, julle), besitlik (soos: myne, hare, ons s'n), betreklik (soos: wat, met wie), vraend (soos: water, hoekom) en onbepaald (soos: iemand, almal, 'n mens ... jy/jou);</li> <li>• determineerders (soos: 'n, die) en telwoorde (soos: veertien, laaste);</li> </ul>	<p><i>ervarings gaan meer oortuigend wees)</i></p> <p><b>Groep 2</b></p> <p>Druk 'n kaart van die Oos-Kaap uit (vergroot dit) en plak prentjies daarop van wat julle dink die lekkerste en opwindenste bestemmings vir kinders is.</p> <p><i>Bv. Zebra Mountain Park, Pongola Basin, Grahamstadfees Hole in the wall, Port St Johns, Addo , Slangpark., Nahoon strand, Tiffendale ens.</i></p> <p>Gaan loer gerus by die volgende webwerf indien jy vasbrand <a href="http://www.southafrica.net/shotleft/">www.southafrica.net/shotleft/</a> en <a href="http://www.shotleft.com/">www.shotleft.com/</a> of <a href="http://www.tourism.co.za">www.tourism.co.za</a> en <a href="http://www.ecotourism.org">www.ecotourism.org</a></p> <p>Kom vertel die klas van die plekke en as daar tyd is deel brosjures uit. (verkrygbaar by die toerismeburo in Oos-Londen, Port Elizabeth en die vulstasie op die Kei Grensbrug op pad na Butterworth en Mthatha.</p> <p>Laat groeplede <b>hardoplees</b> uit die brosjures.</p> <p><b>Groep 3</b></p> <p>Maak 'n lys van natuurlike verskynsels in jou gebied. Vind daar toeriste-aktiwiteite plaas? Indien nie, vind uit watter sakemoontlikhede bied hierdie attraksies?</p> <p>Kan julle as 'n klas nie dalk so 'n plek gaan besoek nie?</p> <p><b>Groep 4</b></p> <p>Die weer en klimaat van die Oos-Kaap. Beskryf jul woonplek of streek se klimaat en weer vir die volgende 3 dae. Watter toeriste-aktiwiteit kan julle aanbeveel as die weer sleg is?</p>		
--	--	--	--

<ul style="list-style-type: none"> <li>• soorte sinne (stelsin, vraagsin, bevelsin.</li> <li>• enkelvoudige sinne met 'n onderwerp, gesegde en voorwerp;</li> <li>• die gebruik van die teenwoordige-, verlede- en toekomstetydsvorm;</li> <li>• die verbinding van sinne met voegwoorde met die korrekte woordorde;</li> <li>• die ontkennde vorm (soos: Ek hou nie van brood nie; Niemand sal dit doen nie);</li> <li>• alledaagse bywoorde in die korrekte volgorde (tyd, wyse, plek);</li> <li>• hulpwerkwoorde om tyd en modaliteit uit te druk;</li> <li>• die aktiewe (bedrywende) en passiewe (lydende) vorm in eenvoudige sinne;</li> <li>• leestekens (punt, komma, vraagteken, uitroepetekens, aanhalingstekens).</li> </ul> <p>As 3 Brei woordeskat uit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: verveeld, vervelig; aand, nag; spieël, speel; help, hulp);</li> <li>• toon taalgevoeligheid vir woorde (soos: <i>jy/julle</i> teenoor <i>u</i>; <i>mond</i> teenoor <i>bek</i>; <i>maag</i> teenoor <i>pens</i>);</li> <li>• gebruik enkele vergelykings (soos: so dood soos 'n mossie; so arm soos 'n kerkmuis;</li> </ul>	<p><b>Groep 5</b></p> <p>Geld die terme “spitsseisoen” en “buite seisoen” in jul gebied? Hoe kan jy dit vasstel?</p> <p>Trek 'n <b>grafiek</b> om die gewildheid van 'n toeriste-atraksie in jul omgewing voor te stel. Jou grafiek moet die volgende inligting bevat:</p> <p>Merk die maande van die jaar op een as van die grafiek. Merk die aantal besoekers per maand op die ander as van die grafiek.</p> <p>Wanneer het die meeste mense die plek besoek? Watter maand sou jy as spitsseisoen identifiseer en watter as buite seisoen?</p> <p><b>Groep 6</b></p> <p>Wie is die mense in jul gemeenskap?</p> <p>Is daar 'n groot verskeidenheid tale, godsdienste, kulture en gebruike in jul dorp of stad? Stel 'n lys op.</p> <p>As daar alreeds bestaande kulturele toeriste trekpleisters in jul omgewing is, kan julle as 'n groep aan nuwe moontlikhede dink?</p> <p><i>(Kyk gerus na Going Nowhere Slowly op SABC 3 Saterdagmiddae en Sondagmiddae vir idees)</i></p> <p><b>Groep 7</b></p> <p>Doen 'n infrastruktuur-opname.</p> <p>Watter infrastruktuur-elemente is 'n voordeel vir jul dorp of stad? Watter infrastruktuur-elemente skiet te kort?</p> <p>Stel vas wie verantwoordelik is vir die instandhouding of skep</p>		
---	--	--	--

<p>so koel soos 'n komkommer);</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• gebruik een woord vir 'n omskrywing (soos: 'n plek waarheen siek mense gaan - 'n hospitaal; messe, vurke, lepels - eetgerei; wortels, boontjies, patats, mielies - groente);</li> <li>• gebruik voor- en agtervoegsels om nuwe woorde te vorm (soos: bedags, weekliks, onskuldig);</li> <li>• brei gebruik van samestellings uit (soos: lewe + verhaal = lewensverhaal);</li> <li>• gebruik sinonieme en antonieme;</li> <li>• ondersoek temagerigte woorde (soos woorde wat met die liefde verband hou) en woordfamilies (soos: outobank, outomaties, outobiografie);</li> <li>• Gebruik 'n tweetalige en verklarende woordeboek en 'n tesourus.</li> </ul> <p>As 4 Demonstreer begrip van 6 000 tot 8 000 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 9. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na meer as 8 000 woorde te mik.</p>	<p>van infrastruktuur in jul gebied?</p> <p>Skryf 'n <b>brief of e-pos</b> aan jul plaaslike owerheid (munisipaliteit) om <b>verbeterings</b> aan die huidige infrastruktuur voor te stel, of om te vra dat <b>nuwe</b> infrastruktuur <b>geskep</b> word of om hulle te <b>komplimenteer</b> met die goeie funksionering van bestaande infrastruktuur.</p> <p><i>Infrastruktuur sluit aspekte in soos paaie, lughawens, hawens, kommunikasiesnetwerke, riool- en vullisverwydering, elektrisiteit en die beskikbaarheid van veilige water.</i></p>		
<p><b>Hulpmiddels:</b> Prente, Liedjies, Woordeboek, Skryfbord, Kasette, Atlas, Rekenaar, TV, videobande, plakkate, afdrucke van skilderye, foto's, advertensies, ou kalenders, katalogusse, tydskrifte en koerante, straat- en landkaarte, reisboeke</p> <p><b>Nabetragting:</b></p>			

# LESPLAN

(multimedia)

## Afrikaans Eerste Addisionele Taal

**Konteks:** Multimedia (Tema: Seerowery)

Tyd: 3 weke		Graad: 8	
Lu en Ass	ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT	ASSESSERING	STRUIKELBLOKKE VIR LEER
<p>Lees die koerantartikel, straat- en landkaarte, strokies, tabelle, nota, grappies, inligtingstukke, illustrasies, spotprente, tekens, skilderye, padtekens ens. voor aan die leerders.</p> <p><u>Lu 1 Luister</u></p> <p>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos oorvertellings, sportkommentaar):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>beantwoord vrae wat toenemend moeilik word;</li> <li>identifiseer perspektief, soos in twee vertellings oor dieselfde insident;</li> <li>vertel oor en som op, met ondersteuning</li> </ul> <p><u>Lu 2 Praat</u></p>	<p><u>Nota aan onderwyser:</u></p> <p>Die klem val op <b>luister</b> en <b>praat aktiwiteite</b> wanneer dit kom by Afrikaans Eerste Addisionele Taal.</p> <p><b>Onvoorbereide lees</b> en <b>gespreksvoering</b> asook die skryf van 'n goeie dialoog (80 – 100 woorde) word hierdie kwartaal formeel getoets.</p> <p><u>Aktiwiteit 1</u></p> <p>Die soort teks wat die <b>leerder</b> gaan lees, bepaal die leerder se keuse van <b>leestategie</b>.</p> <p><b>Studieles</b> vind plaas wanneer die leser doelgerig die inhoud deurgaen om die feite na te gaan. Die teks word eers gevuglees om die algemene onderwerp en struktuur van die teks te bepaal. Daarna word die spesifieke feite gewoonlik onderstreep, opgesom en of oorgeskryf. Indien vrae beantwoord moet word, word vanaf die vraag na die teks gewerk, op soek na die relevante antwoord.</p>	<p>Studieles</p> <p>Hele klas</p>	<p><u>In alle gevalle</u></p> <p>Leerders het 'n <b>afskrif</b> (fotostaat) van die betrokke noodhulpprocedure wat die onderwyser voorlees</p> <p>Leerder het 'n <b>sterk akademiese maat</b> wat hom te alle tye bystaan</p> <p>Fokus meer op die <b>positiewe</b></p> <p>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en <b>geduldig</b></p> <p>Gee <b>individuele bystand</b></p> <p>As onderwyser behou nog steeds <b>hoë verwagtinge</b></p>

<p>As 2 Voer interaksie in die addisionele taal:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>gebruik taal vir 'n wye verskeidenheid funksies: gee uitdrukking aan menings en gevoelens, maak keuses, gee raad en maak voorstelle (soos: Ek dink jy moet ...);</li> <li>neem deel aan rolspel in verskillende situasies wat verskillende soorte taalgebruik behels (soos formele en informele telefoongesprekke).</li> </ul> <p>As 4 Begin sosiale en etiese kwessies debatteer:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>ken spesifieke rolle toe (soos voorsitter, tydhouer, sekretaris);</li> <li>betrek ander by die bespreking (soos: Wat dink jy?);</li> <li>onderbreek die bespreking op 'n hofflike wyse (soos: Verskoon my ...);</li> <li>gee mening/standpunt en redes daarvoor (soos: Ek sê dit, want ...);</li> <li>toon instemming (soos: Ek stem saam ...) of nie (soos: Ja, maar ...);</li> <li>wissel tale af, indien nodig.</li> </ul> <p><b>Lu 3 Lees en Kyk</b></p> <p>As 3 Lees en reageer op sosiale tekste (soos eenvoudige uitnodigings, briewe);</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>identifiseer doel, teikengroep en konteks.</li> </ul>	<p>Verduidelik aan die leerders die belangrikheid van lees. Lees prikkel jou verbeelding en lok die agie in jou uit. Dit is belangrike eienskappe, want dit leer jou om oorspronklik te dink en weetgierig te wees. Dit laat jou slimmer word.</p> <p><u>Aktiwiteit 2 (Luisteroefening: Formeel (10))</u></p> <p>Moderne seerowery kom algemeen langs ons kus veral naby Somalië voor. Die luukse passassiersskip Melody het ook amper deurgeloopt.</p> <p>Lees die koerantartikels oor gekaapte skepe aan die klas voor. (<i>Dit kan selfs in Engels wees</i>) Vra feitlike vrae aan die klas om hul luistervaardigheid te toets.</p> <p><u>Aktiwiteit 3</u></p> <p>Leerders maak 'n lys van woorde wat hy nie ken nie.</p> <p><u>Aktiwiteit 4 (Luisteroefening: Formeel (10))</u></p> <p>Vra 'n kundige om die klas te kom toespreek oor seesiek, seerowery, hoe om stoms te trotseer, die bou van 'n seiljag, navigasie ter see.</p> <p>Hou 'n vasvra na afloop van die kundige se praatjie om die leerders se luistervaardigheid te toets.</p> <p><u>Aktiwiteit 5</u></p> <p>Die onderwyser lees 'n uitreksel uit 'n bekende seevaarder se skeepsjoernaal aan die klas voor. Laat die leerders navorsing in die biblioteek of <i>Encata</i> of die internet doen oor die wrede strafmetodes op ongehoorsame bemanningslede van skepe uit die verlede of beroemde seerowers of beroemde skeepskatte. Die leerders moet dit aan die klas kom oordra met visuele hulpmiddels. (<i>bv. kaarte, power point aanbieding ens.</i>)</p>	<p>Luisteroefening</p> <p>rubriek</p> <p>Luisteroefening</p> <p>rubriek</p> <p>navorsing</p> <p>mondelinge aanbieding</p> <p>rubriek</p> <p>in pare of self</p>	<p>en 'n positiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel</p> <p>Gebruik 'n <b>glimpen</b> ("highlighter") om net die sleutelwoorde in te kleur.</p> <p>Wees gedurig in kontak met die ouers</p> <p><b><u>Swak gehoor</u></b></p> <p>Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk</p> <p>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes</p> <p>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.</p> <p>Verkort die aktiwiteit</p>
---	---	---	---

<p>As 5 Ontleed advertensies en pamflette:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• identifiseer die teikengroep (Op wie is die advertensie gemik?);</li> <li>• identifiseer die konteks (Waar word dié soort advertensies gesien?);</li> <li>• identifiseer die boodskap;</li> <li>• identifiseer emotiewe (affektiewe) taal;</li> <li>• beskryf hoe die advertensie haar/hom laat voel en gee redes.</li> </ul> <p>As 6 Gebruik leesstrategieë:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• pas gepaste leestegnieke op verskillende teksoorte toe (soos: soeklees 'n telefoongids; stiplees instruksies; vluglees 'n koerant se opskrifte);</li> <li>• gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende teks; kyk na illustrasies/diagramme; vra iemand om woorde te vertaal);</li> <li>• begin om leesspoed te verbeter en te evalueer.</li> </ul> <p><u>Lu 4 Skryf</u></p> <p>As 2 Skryf 'n sosiale doel:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• skryf eenvoudige persoonlike briewe (soos: aanvaar 'n uitnodiging, reageer op 'n advertensie) en toon bewustheid van die kenmerke van die teksoort.</li> </ul>	<p><u>Aktiwiteit 6 (Formele taak: 'n Dialoog – 80 tot 100 woorde)</u></p> <p>In 'n 4 ster hotel verwag 'n mens om in weelde tuis te gaan, maar in hierdie hotel het alles verkeerd verloop. Skryf 'n dialoog (gesprek) tussen jou en die Hotelbestuur oor die nare ondervinding by 'n hotel of oornagplek. Hou by die feite en moenie persoonlik raak nie. (20 punte)</p> <p><u>Aktiwiteit 7</u></p> <p>Deur middel van groepwerk moet leerders die basiese bou van 'n fliekresensie ontdek.</p> <p>Kyk na voorbeelde van fliekresensies in die koerant of gebruik die <i>Huisgenoot</i> rubriek <i>Groot Skerm</i> deur Leon van Nierop onder <i>Vermaak</i> in die inhoudsopgawe.</p> <p>Luister gerus na Leon van Nierop se fliekresensies op RSG elke Vrydagoggend om 7:45. Die resensies verskyn ook op die webwerf <a href="http://www.rsg.co.za">www.rsg.co.za</a></p> <p>Laat die leerders toe om te bespreek watter rolprente hulle graag sal wil sien en plaas die films onder die volgende kategorieë: aksie, riller, drama, komedie, romanse, western, gesin, hele familie, animasie ens.</p> <p>Is daar beperkings op sommige rolprente? Waarom?</p> <p><u>Aktiwiteit 8</u></p> <p>Laat leerders nou fliekresensies skryf oor die fliek "<i>Titanic</i>" of "<i>Pirates of the Carribean</i>"</p> <p>Beskryf die inhoud (storie) van die fliek baie kortliks. Wat het jou die meeste geprikkel ten opsigte van die film bv. Spesiale effekte, natuurtonele, die musiek ens. Wie sal die meeste van die fliek hou? Waarom? Is daar soortgelyke flieks? Noem hulle. Het jy enige skindernuus of brokkies inligting oor die akteurs en aktrises wat jy met die lesers wil deel?. Hoe was</p>	<p>self dialoog rubriek</p> <p>groepwerk groepbespreking</p> <p>Skryf fliekresensies rubriek</p>	<p><u>Leerders met 'n spraakgebrek</u></p> <p>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer</p> <p><u>Swak siende:</u> Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter font gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.</p> <p>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met</p>
--	--	--	--

<p>As 3 Skryf vir persoonlike besinning:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• skryf dagboekinskrywings.</li> </ul> <p>As 5 Ontwerp mediatekste:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• gebruik 'n raam om 'n eenvoudige advertensie te ontwerp;</li> <li>• gebruik 'n raam om 'n eenvoudige brosjure te ontwerp.</li> </ul> <p><u>Lu 5 Dink en Redeneer</u></p> <p>As 2 Gebruik taal om te dink:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• stel en beantwoord meer komplekse vrae (soos: Wat sal gebeur as ...?);</li> <li>• definieer en klassifiseer.</li> </ul> <p>As 3 Versamel inligting en teken dit op verskillende maniere op:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• kies relevante inligting en skryf aantekeninge (identifiseer kernwoorde en -sinne, stel 'n lys belangrike punte saam);</li> <li>• doen eenvoudige navorsing en skryf 'n verslag wat instrumente soos grafieke, tabelle, diagramme en statistiek insluit;</li> <li>• dra inligting van een modus na 'n ander oor (soos gebruik inligting uit 'n visuele of geskrewe teks om 'n grafiek of tabel te skep of byskrifte by 'n diagram te skryf).</li> </ul>	<p>hul spel? Beskryf dit so visueel (<i>maak gerus van vergelykings gebruik</i>) dat die leser sal wil uitstorm om dit te gaan kyk.</p> <p><u>Aktiwiteit 9</u></p> <p>Die leerders dramatiseer/rolspel die volgende situasie: Jy en 'n vriend dobber al 2 weke in 'n rubber-reddingsbootjie op see. Na vele ontberings is julle al moedeloos en desperaat en het nie die krag om veel langer uit te hou nie. Dan gebeur daar skielik 'n wonderwerk.</p> <p><u>Aktiwiteit 10</u></p> <p>Leerders werk in pare en kyk of hulle die betekenis van die volgende idiome kan kry.</p> <p><i>Anker gooi, die beste stuurliu staan aan wal, om skoonskip te maak, om jou skepe agter jou te verbrand, om die wind uit iemand se seile te neem, om jou seile na die wind te span, om êrens anker te gooi, om iemand 'n brander te stuur, om die mas op te kom, om te vloek soos 'n matroos,</i></p> <p>Leerders kan nou die idiome teken om die betekenis uit te beeld. Laat jou Kuns en Kultuur onderwyser die werk kom beoordeel.</p> <p><u>Aktiwiteit 11</u></p> <p>Wanneer dit baie koud is, sê ons dis yskoud. Wat is die <b>intensiewe vorm</b> van <i>warm, siek, oud, en dood?</i></p> <p>Doen die oefeninge in jul klaswerkboek.</p> <p><u>Aktiwiteit 12</u></p> <p>Skryf die <b>meervoud en verkleining</b> neer van <i>hoek, baai, son, spruit, reën, stad en sambreel.</i></p> <p>Doen die taaloefeninge saam met jou maat in jul</p>	<p>Rolspel</p> <p>In pare</p> <p>Rubriek</p> <p>In pare</p> <p>Skets/teken</p> <p>Onderwyser van 'n ander leerarea</p> <p>Self</p> <p>Klaswerk</p> <p>Self</p> <p>Klaswerk</p>	<p>meer ilustrasies sal ook help.</p> <p>Maak meer gebruik van audio visuele materiaal</p> <p>Kry hulp van spesiale skole bv. braille</p> <p>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvle (soos bv beskrywings en sketse)</p> <p><b><u>Skryfprobleme</u></b></p> <p>Hou jou sinne kort</p> <p>Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf</p> <p><b><u>Disleksie:</u></b> Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.</p> <p><u>In die klaskamer</u></p>
--	--	--	---

<p><u>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik</u></p> <p>As 4 Brei woordeskat uit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: gelede, verlede; deur, dier, duur; optel, oplaai);</li> <li>• gebruik woorde wat ongeveer dieselfde beteken en woorde met teenoorgestelde betekenis;</li> <li>• brei die gebruik van afleiding uit (soos: skrywer, verjaar);</li> <li>• gebruik eenvoudige, alledaagse samestellings (soos: skooldas, koshuis);</li> <li>• gebruik woordfamilies (soos: geluk, ongeluk, gelukkig, ongelukkig);</li> <li>• gebruik 'n tweetalige en verklarende woordeboek.</li> </ul>	<p>klaswerkboek.</p> <p><u>Aktiwiteit 13</u></p> <p>Gebruik 'n woordeboek en maak sinne met 3 betekenis van weer. Wat kan maan alles beteken? Skryf dit in jul werkboeke.</p>	<p>Self Klaswerk</p>	<p>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie ) in die klaskamer is.</p> <p>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.</p> <p><u>Klaskameratmosfeer</u></p> <p>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word</p> <p><b>Hiperaktiewe kind:</b> Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies.</p>
<p>Hulpmiddels:</p> <p>Nabetragting:</p>			



# LESPLAN

(drama)

## Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Konteks: Drama

Tyd: 3 weke		Graad: 8	
Lu en Ass	ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT	ASSESSERING	STRUIKELBLOKKE VIR LEER
<p><b><u>Lu 1 Luister As 2,4</u></b></p> <p>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos oortellings, radiodramas);</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• beantwoord toenemend moeilike vrae;</li> <li>• identifiseer perspektief/standpunt;</li> <li>• vertel oor en som op;</li> </ul> <p>beskryf die kenmerke van verskillende soorte mondelinge tekste (soos 'n praatjie, 'n storie).</p> <p>As 4 Luister aandagtig tydens 'n bespreking:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• is ontvanklik vir idees en respekteer ander se standpunte;</li> <li>• vra vir bydraes van ander en reageer op standpunte;</li> </ul>	<p><b>Nota aan onderwyser:</b></p> <p>In gr 8 word daar van die leerders verwag om karakteriseringstegnieke te kan herken, die verhaalverloop te kan voorspel en alternatiewe dialoog te kan verskaf. Literêre begrippe soos karakter, konflik en intrige moet dus aan die leerders verduidelik word.</p> <p>Leerders moet op 'n informele manier die funksie van die titel en die flapteks as bemarkingsmiddele by 'n drama leer.</p> <p><u>Formele take:</u></p> <p>Onthou 'n luisteroefening (10 punte) en onvoorbereide lees en gesprek (10) asook die skryf van 'n opsomming (50 – 60 woorde) (20 punte) en die skryf van 'n dialoog (20 punte) is formele take vir hierdie kwartaal.</p> <p><u>Aktiwiteit 1</u></p> <p>Algemene strokies in koerante of Huisgenoot of Sunday Times word gebruik. Laat die leerlinge strokies uit knip <b>en knip elke</b></p>	<p>Klaswerkoefening</p>	<p>Leerders het 'n afskrif (fotostaat) van die drama wat die onderwyser voorlees</p> <p><u>In alle gevalle</u></p> <p>Leerders het 'n <b>afskrif</b> (fotostaat) van die betrokke noodhulpprocedure wat die onderwyser voorlees</p> <p>Leerder het 'n <b>sterk akademiese maat</b> wat hom te alle tye bystaan</p> <p>Fokus meer op die <b>positiewe</b></p> <p>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en</p>

<ul style="list-style-type: none"> <li>• is bereid om ander se standpunte te bevraagteken, maar doen dit op 'n hoflike wyse en onderbreek nie;</li> <li>• kritiseer idees en nie die persoon nie.</li> </ul> <p><b>Lu 2 Praat As 2,3,4</b></p> <p>As 2 Voer interaksie in die addisionele taal:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• gebruik taal vir 'n wye verskeidenheid funksies: bied bv. hulp aan en rig 'n uitnodiging (soos: Sal jy daarvan hou om ...?);</li> <li>• neem deel aan rolspel in verskillende situasies wat verskillende soorte taalgebruik behels (soos rapporteer 'n misdaad aan die polisie).</li> </ul> <p>As 3 Toon ontwikkeling in die vermoë om kenmerke van gesproke taal te gebruik om te kommunikeer: woord- en sinsaksent, intonasie, ritme.</p> <p>As 4 Debatteer sosiale en etiese kwessies:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• ken spesifieke rolle toe (soos voorsitter, tydhouer, sekretaris);</li> <li>• betrek ander by die bespreking (soos: Wat dink jy hiervan?);</li> <li>• onderbreek die gesprek op 'n hoflike wyse (soos: Verskoon my ...);</li> <li>• gee mening en die redes daarvoor (soos: Ek sê dit, want ...);</li> <li>• toon instemming (soos: Ek stem saam,</li> </ul>	<p><b>afsonderlike blokkie uit.</b></p> <p>Elke blokkie word deurmekaar in die skrif geplak en genommer. Strokies word geruil en 'n ander groep moet die verhaalverloop probeer bepaal.</p> <p><u>Aktiwiteit 2</u></p> <p>Neem die hoofkarakter en beskryf hom op grond van wat hy doen en sê, wat ander karakters oor hom sê en sy liggaamstaal.</p> <p><u>Aktiwiteit 3</u></p> <p>Skryf 'n dialoog tussen die karakter en enige ander karakter in enige ander strokie.</p> <p><u>Aktiwiteit 4</u></p> <p>Indien die strokie in Engels is laat die leerders dit vertaal na Afrikaans.</p> <p><u>Aktiwiteit 5 (Formele taak: Onvoorbereide lees en gesprek (10))</u></p> <p>Lees enige berig in die koerant of tydskrif wat jou interesseer. Die berig of artikel se karakters of gebeure moet nou as inspirasie dien vir jou eie "drama" wat jy gaan skryf.</p> <p><u>Aktiwiteit 6</u></p> <p>Skryf 'n flapteks om jou "drama" aan potensiële lesers bekend te stel. Skep 'n titel en ontwerp 'n omslag om die drama te bemark. Knip woorde, foto's en grafiese materiaal uit koerante, tydskrifte en plak dit op papier om die omslag te ontwerp.</p> <p><u>Aktiwiteit 7</u></p> <p>Lees mekaar se dramas en kyk dan na die flaptekste en</p>	<p>Mondeling bespreking</p> <p>self</p> <p>self</p> <p>dialoog</p> <p>rubriek</p> <p>self</p> <p>self</p> <p>vertaling</p> <p>lees</p> <p>self</p> <p>projek</p> <p>self</p> <p>portuurassessering</p>	<p><b>geduldig</b></p> <p>Gee <b>individuele bystand</b></p> <p>As onderwyser behou nog steeds <b>hoë verwagtinge</b> en 'n postiewe houding. Vermoed stereotipering en pas op vir vooroordeel</p> <p>Gebruik 'n <b>glimpen</b> ("<i>highlighter</i>") om net die sleutelwoorde in te kleur.</p> <p>Wees geduldig in kontak met die ouers</p> <p><b><u>Swak gehoor</u></b></p> <p>Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk</p> <p>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes</p> <p>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.</p> <p>Verkort die aktiwiteit</p>
---	---	--	---

<p>want ...) en meningsverskil (soos: Ja, maar ...);</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>wissel tale af, waar nodig.</li> </ul> <p><b><u>Lu 3 Lees en Kyk As 1,6,9</u></b></p> <p>As 1 Verstaan en waardeer stories, asook dié wat deur medeleerders vertel word:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>reageer persoonlik en krities, stel en beantwoord vrae;</li> <li>evalueer die manier waarop die storie vertel is en gee terugvoering.</li> </ul> <p>As 6 Gebruik leesstrategieë:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>pas gepaste leestegnieke op verskillende tekssoorte toe (soos: soeklees 'n reinrooster; stiplees instruksies; vluglees 'n koerantberig vir kernidees);</li> <li>verbeter en evalueer leesspoed;</li> <li>gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende teks; kyk na illustrasies/diagramme; bespreek die woordbetekenis in die huistaal).</li> </ul> <p>As 9 Demonstreer 'n leeswoordeskat van 5 000 tot 6 500 alledaagse woorde. Indien leerders hul addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 6 500 woorde te mik.</p> <p><b><u>Lu 4 Skryf As 4,6,7</u></b></p> <p>As 4 Skryf skeppend:</p>	<p>omslagontwerpe en leerders kan mekaar se werk assesseer.</p> <p>Onthou om jou konsepweergawe eers te skryf, deur te lees en dit krities te bespreek. Gebruik terugvoering om dit te herskryf.</p> <p><u>Aktiwiteit 8 (oefening vir die skryf van 'n dialoog – formele taak)</u></p> <p>Verbeel julle dat julle 'n onderhoud met 'n bepaalde karakter uit jul drama/storie/leesboek voer.</p> <p>Skryf vrae neer wat julle aan hom sal stel bv. Oor sy werk, ander belangstellings, hoe hy by sy spesifieke intrige/storielyn betrokke geraak het, sy drome of ideale, watter hoogtepunte was daar? Wat is daar omtrent die werk waarvan hy hou? Sy kinderjare, opvoeding en ander belangrike invloede op sy lewe.</p> <p>Dink julle eie antwoorde uit.</p> <p><u>Aktiwiteit 9</u></p> <p>Sodra julle al die vrae en antwoorde uitgewerk het, word die onderhoud voor die ander lede van julle groep gevoer. Kies een persoon uit die groep om die karakter van jul drama /leesboek/ storie te wees. Laat die ander beurte maak om die vrae te stel.</p> <p><u>Aktiwiteit 10</u></p> <p>Omkring verskillende leestekens op enige bladsy van jul drama. Identifiseer dit, benoem dit en verduidelik die funksie/rol daarvan in die teks aan jou maat.</p> <p><u>Aktiwiteit 11</u></p> <p>Soek saam met 'n maat na voorbeelde van <b>figuurlike taalgebruik</b> (<i>denotasie/konotasie</i>) in jou drama/leesboek</p>	<p>mondeling aanbieding</p> <p>projek</p> <p>dialoog</p> <p>mondelinge aanbieding</p> <p>self</p> <p>Onderhoudvoering</p> <p>Hele klas</p> <p>In pare</p> <p>In pare</p>	<p><b><u>Leerders met 'n spraakgebrek</u></b></p> <p>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer</p> <p><b><u>Swak siende:</u></b> Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter <i>font</i> gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die</p>
--	--	--	--

<ul style="list-style-type: none"> <li>• toon ontwikkelende vermoë om verhale, gedigte en toneelstukke te skryf (soos deur figuurlike taal te gebruik);</li> <li>• vertaal stories (en ander tekste) uit die huistaal.</li> </ul> <p>As 6 Benader skryf as 'n prosas:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• skryf 'n konsepweergawe en lees en bespreek dit krities;</li> <li>• gebruik terugvoering om te hersien, te redigeer en te herskryf;</li> <li>• gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer;</li> <li>• skenk aandag aan ontwerp en uitleg.</li> </ul> <p>As 7 Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• skryf 'n samehangende teks (soos deur verbindingswoorde te gebruik om paragrawe te skakel);</li> <li>• skryf goeie paragrawe met een hoofgedagte, 'n kernsin en ondergeskikte idees/sinne en is in staat om daarvoor na te dink;</li> <li>• skryf tekste met 'n inleidende en slotparagraaf;</li> <li>• skryf vanuit 'n spesifieke perspektief.</li> </ul> <p><b><u>Lu 5 Dink en Redeneer As 2</u></b></p>	<p><u>Aktiwiteit 12</u></p> <p>Terwyl daar aan die drama gelees word laat die leerders saam met 'n maat soek na neologismes, akroniem, samestellings en afleidings en klanknabootsings in die drama/leesboek. Skryf al jou voorbeelde neer in jou skryfboek.</p> <p><u>Aktiwiteit 13</u></p> <p>Leerders moet ten alle tye 'n lys maak van woorde wat hy nie ken nie. Speel hangman/galgtou</p> <p><u>Aktiwiteit 14</u></p> <p>'n Manier om nuwe woorde te skep, is deur stukkies voor of agter woorde te voeg. Hierdie stukkies is nie woorde op hul eie soos by samestellings nie. Bv. Be+ kyk = <u>bekyk</u> en inlig + ting = <u>inligting</u></p> <p>Soek nog 3 woorde met agtervoegsels in jou drama. Skryf dit neer soos die voorbeelde hierbo in jou skryfboek.</p> <p><u>Aktiwiteit 15</u></p> <p>Kyk hoeveel voor- of agtervoegsels jy en jou maat by die volgende woorde kan gebruik:</p> <p><i>insluit, maklik, duidelik, ontdek, spoel</i></p> <p><u>Aktiwiteit 16</u></p> <p>Hoeveel samestellings kan jy op jou drama se flapteks uitken? Maak 'n lysie. Is daar enige verbindingsklanke?</p> <p><u>Aktiwiteit 17</u></p> <p><i>(Rolspel: padverduideliking)</i></p> <p>Julle ry met julle ma se motor na die naburige dorp. Haar motor het nie GPS nie. Nou moet julle die pad vra na die</p>	<p>In pare</p> <p>Speletjie</p> <p>In pare</p> <p>In pare</p> <p>Self</p>	<p>leerder ook meer tyd.</p> <p>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.</p> <p>Maak meer gebruik van audio visuele materiaal</p> <p>Kry hulp van spesiale skole bv. braille</p> <p>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvle (soos bv beskrywings en sketse)</p> <p><b><u>Skryfprobleme</u></b></p> <p>Hou jou sinne kort</p> <p>Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf</p> <p><b><u>Disleksie:</u></b> Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook</p>
---	---	---	--

<p>As 2 Gebruik taal om te dink:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• stel en beantwoord meer komplekse vrae (soos: Indien dit verander, wat sal ook verander?);</li> <li>• skryf definisies, klassifikasies en veralgemenings;</li> <li>• verstaan en gebruik bewyse wat 'n teorie of argument staaf (soos 'n foto, voorwerpe uit die verlede, 'n onderhoud met 'n getuie).</li> </ul> <p><b><u>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik As 2.4.5</u></b></p> <p>As 2 Gebruik verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• alledaagse meervouds-, geslags- en verkleiningsvorme;</li> <li>• alledaagse voorsetsels in vaste en vrye verbindings;</li> <li>• algemeen gebruikte adjektiewe (verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme);</li> <li>• voornaamwoorde: persoonlik (soos: jy, u, julle), besitlik (soos: hare, Stanley s'n), betreklik (soos: wat, vir wie), vraend (soos: wanneer, waarom) en onbepaald (soos: 'n mens ... jy/jou);</li> <li>• determineerders (soos: 'n, die) en telwoorde (soos: twaalf, eerste);</li> </ul>	<p>bakkery wat jou verjaarsdagkoek gebak het en die plek wat die partyjie speelgoed verhuur, het getrek.</p> <p><b>Rolspel</b> die volgende toneel. Een maat in die klas moet die vrae vra op 'n <i>formele wyse</i> terwyl die ander maat die pad moet verduidelik in goeie Afrikaans.</p> <p><u>Aktiwiteit 18</u></p> <p>Jy as onderwyser gee 'n lys van die belangrikste woorde wat jy wil hê jou leerders moet bemeester. Die lys woorde is deurmekaargeskommel maar daar is leidrade tussen hakies. Laat die leerders in pare die woorde ontrafel en dan korrek neerskryf.</p> <p><i>(Gee eers die leidraad en dan die deurmekaargeskommele woorde)</i></p> <p>Bv. Die regop pale wat van was gemaak is en wat jy op 'n verjaarsdagkoek sit en dan later steek jy dit aan die brand</p> <p>Antw. iessker is .....</p> <p><u>Aktiwiteit 19</u></p> <p>Gebruik woorde in die woordbank om jou te help om die sinne korrek te voltooi. Moedig die leerders aan om 'n woordeboek te gebruik.</p> <p>Gee vir die leerders 8 woorde wat met die drama te doen het. Verskaf sinne met 'n spasie vir die invul van die korrekte woord uit die woordbank .</p> <p><u>Aktiwiteit 20</u></p> <p>Laat leerders in pare saam te werk om <b>versamelname</b> in te vul.</p> <p>Gooi bv al die antwoorde in 'n sakkie en laat elke leerder 'n</p>	<p>Rolspel</p> <p>In pare</p> <p>Mondelinge aanbieding</p> <p>Speletjie</p> <p>Hele klas</p> <p>Woordeboek</p> <p>In pare</p> <p>speletjie</p>	<p>nie geenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.</p> <p><u>In die klaskamer</u></p> <p>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie ) in die klaskamer is.</p> <p>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet beskikbaar wees.</p> <p><u>Klaskameratmosfeer</u></p> <p>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word</p> <p><b>Hiperaktiewe kind:</b> Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkie.</p>
--	---	---	---

<ul style="list-style-type: none"> <li>• hulpwerkwoorde om tyd en modaliteit uit te druk;</li> <li>• soorte sinne (stelsin, vraagsin, bevelsing);</li> <li>• enkelvoudige sinne met 'n onderwerp, gesegde, voorwerp en bepalings;</li> <li>• die gebruik van die teenwoordige-, verlede- en toekomstetydsvorm;</li> <li>• alledaagse bywoorde in die korrekte volgorde (tyd, wyse, plek);</li> <li>• die ontkennde vorm (soos: Ek speel nie tennis nie; Dit is nêrens nie);</li> <li>• die verbinding van sinne met voegwoorde met die korrekte woordorde;</li> <li>• die korrekte gebruik van "wanneer", "toe", "dan" in die verskillende tye;</li> <li>• die gebruik van hulpwerkwoorde in beleefde versoeke (soos: Mag ek jou potlood leen?);</li> <li>• eenvoudige voorbeelde van die aktiewe (bedrywende) en passiewe (lydende) vorm;</li> <li>• die direkte en indirekte rede op 'n eenvoudige vlak (soos dialoog by spotprente);</li> <li>• leestekens (punt, komma, dubbelpunt, vraagteken, uitroepeteke, aanhalingstekens).</li> </ul> <p>As 4 Brei woordeskat uit:</p>	<p>kans kry om een versamelnaam te trek. Die res van die klas met behulp van sy maat moet dit by die regte vraag plaas. (<i>amper soos bingo</i>)</p> <p><i>Sirkel, vlug, afvaardiging, baksel, bende, bondel, geselskap, harem, kolonie, lykstoet, nes, paneel, reeks, sarsie, konvooi</i></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. 'n ..... .karre</li> <li>2. 'n ..... muisies</li> <li>3. 'n ..... berge</li> <li>4. 'n ..... vriende</li> <li>5. 'n ..... wildeganse</li> <li>6. 'n ..... beoordelaars</li> <li>7. 'n ..... vroue</li> <li>8. 'n..... persone</li> <li>9. 'n ..... beskuit</li> <li>10. 'n ..... kwaaddoeners</li> <li>11. 'n ..... wasgoed</li> <li>12. 'n ..... toneelspelers</li> <li>13. 'n ..... pikkewyne/miere</li> <li>14. 'n ..... skote</li> <li>15. 'n ..... skepe</li> </ol> <p><u>Aktiwiteit 21</u></p>	<p>Hele klas</p> <p>Kompetisie</p>	
--	--	------------------------------------	--

<ul style="list-style-type: none"> <li>• verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: eie, eier, uie; kuier, besoek; kwaad, kwaai);</li> <li>• gebruik woorde wat ongeveer dieselfde beteken en woorde met teenoorgestelde betekenis;</li> <li>• brei die gebruik van alledaagse samestellings uit (soos: skoolklok, landsvlag) en van afleidings (soos: ongelukkig, skrywer);</li> <li>• ondersoek temagerigte woorde (soos woorde wat met die natuur verband hou) en woordfamilies (soos: outobank, outomaties, outobiografie);</li> <li>• Gebruik 'n tweetalige en verklarende woordeboek en 'n tesourus.</li> </ul> <p>As 5 Demonstreer begrip van 5 000 tot 7 500 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 8. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na meer as 7 500 woorde te mik.</p>	<p><u>Een woord vir baie</u></p> <p>Verdeel die klas in twee</p> <p>Die een helfte moet 'n beskrywing van iets gee (verkieslik uit die drama as bron/konteks) terwyl die ander helfte dan een woord daarvoor moet gee.</p> <p>Bv. Die plek waarop 'n vliegtuig beweeg voordat dit opstyg</p> <p>Laat leerders kyk hoeveel beskrywings hulle uit die drama kan kry.</p> <p><u>Aktiwiteit 22</u></p> <p>Hoe goed ken jou leerders die indirekte rede?</p> <p>Die indirekte rede word gebruik wanneer 'n persoon se direkte woorde oorvertel word. Sommige bywoorde en voornaamwoorde verander.</p> <p>Oefen dit met sinne uit jou drama terwyl julle dit behandel in die klas.</p>	<p>Hele klas taal oefening</p>	
--	--	------------------------------------	--

Hulpmiddels			
Nabetragting:			